

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 17**

**16 April 2023**



**Die Bediening van die Heilige Gees Vandag**

**Hy verseker ons van ons redding - Rom 8:16.**

**Hy oortuig ons van sonde, van geregtigheid en van oordeel - Joh 16:8 (OV).**

**Hy bring mense tot wedergeboorte – Joh 3:5.**

**Sy koms is tot groot voordeel vir die gelowige – Joh 16:7.**

**Hy bly by ons en help ons in alles wat ons moet trotseer – Joh 14:16.**

**Hy leer ons en herinner ons aan Jesus se woorde - Joh 14:26.**

**Hy getuig altyd oor Jesus – dit is hoe ons weet wanneer die Heilige Gees aan die werk is. As iemand anders as die Here Jesus bevorder word, weet ons daar is 'n probleem. Oordink hulle volgende teksverse noukeurig – Joh 15:26, Joh 16:14.**

**Hy lei ons in die hele waarheid – Joh 16:13.**

**Hy werk in ons om ons heilig te maak – Rom 8:1-9 (OV).**

**Hy bid ernstig vir ons – Rom 8:26.**

**Deur Hom kom die genesing – Rom 8:11.**

**Hy rig en lei ons – Rom 8:14.**

**Hy roep mense tot die bediening – Hand 13:2.**

**Hy stel hulle in staat om hulle roeping te vervul – Ef 4:11.**

**Hy gee die gawes van die Gees – 1 Kor 12:4-11.**

**Hy woon in gelowiges – Joh 14:17.**

**Hy bemagtig gelowiges – Hand 1:8.**

**Hy vul gelowiges – Hand 8:14 -15.**

**Die Skrif is deur Hom geïnspireer – 2 Tim 3:16.**

**Hy interpreteer die Skrif - 2 Pet 1:20-21.**

**Hy bekwaam mense vir kulturele en ander take – Eksodus 31:2-5.**

**Dankie!**

**Vir die gawe van die Heilige Gees!**

**Dat in Christus die Heilige Gees wat deur God belowe is, ons as die eiendom van God beseël!**

**Dat die Heilige Gees die waarborg is dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos!**

**Vir die kragtige werking van die Heilige Gees in ons om ons meer en meer na die beeld van Christus, in ons, te verander!**

## **Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyns ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug in skole en studente – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.
- Vir die Eskom krisis..

## **Gebedsversoeke**

Lottie Conradie  
Maria Steyn  
Oom Sampie Swart  
Jaco Steenkamp  
Tannie Marinda Jordaan  
Ina van der Merwe  
Annika Killian  
Oom Eberhard Carshagen  
Louise Voight  
Oom Stoffel Reynders

Cedric Wiegand  
Ria Putter  
Jeanette Mostert  
Louis Strauss  
Heleen J van Vuuren  
Stefaans du Plessis  
Petro Schneider  
Leonie Kruger  
Petrus Venter

## **Gedagte vir die week**

**Die Heilige Gees was (en is) die sleutel om die “onsigbare” Kerk “sigbaar” te maak.**

Gebedsversoeke:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor  
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: [ngvaalpark.org](http://ngvaalpark.org)